# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch


## 21 November 2021

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Pieter vd Walt**

**Tema:** Wat maak die lewe van 'n gelowige anders?

Verlede Sondag se Nagmaalsviering het die klem laat val op God se liefde en op die liefde wat Jesus Christus aan ons bewys het deur sy lyde en sterwe vir ons aan die kruis. Ons teks vanoggend laat die klem val op een wat vir almal gesterf het.

Die Nagmaal het ons in die geloof versterk en moet ons dring om dit elke dag uit te leef soos wat Paulus gedoen het toe hy die evangelie van Jesus Christus die wêreld ingedra het. Dit maak die lewe van die gelowige anders.

**Lofsang vooraf**
Lied 159:1, 2

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Ps 84-2:1, 4; Votum; Seën; Sing Ps 68-1:13; Geloofsbelydenis: 12 Artikels; Sing Ps 9-1:7 (Tweede melodie)

**Verootmoedigingsdiens**
Wetlesing (Eksodus 20); Sing Ps 94-1:6; Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: 2 Korintiërs 5:11-21; Teksvers: 2 Korintiërs 5:14; Sing Ps 18-1:1,14 (Tweede melodie) terwyl die kleuters na hulle klassie gaan; Woordbediening

**Atwoorddiens**
Gebed; Liefdegawes by die deure; Sing: Ps 138-1:1,3; Amenlied: Sb 13-2.

**18:00 Kerssangdiens: Ds Piet**

Kom ons herdenk vanaand met groot vreugde die geboorte van ons Here Jesus met Skriflesings, gebede en lofsange! Ons gaan uit die Woord fokus op hoe die vier Evangelies op verskillende maniere die geboorte van Jesus aankondig en waarom hulle dit so doen. Nooi gerus vriende en familie om saam te kom.

Baie dankie aan almal wat gaan deelneem aan die program met voorlesings en gebede. Dankie ook aan Truida en Estelle vir die begeleiding op klavier en orrel.

**MEELEWING**

- Dries Schutte (Eikelaan) het goeie nuus van die velspesialis ontvang wat op konserwatiewe wyse behandeling gaan

toepas en glo dat hulle die wonde sal kan genees.

- Tienie Bezuidenhout is in Potchefstroom Hospitaal opgeneem en het ‘n operasie aan sy hand ondergaan.
- Denise Sutherland wat besig is met intensiewe chemoterapie en bestraling vir kanker, is in Potchefstroom Hospitaal opgeneem om eers aan te sterk, aangesien die chemo haar te swak gemaak het.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Lana Labuschagne, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Joe Coetzee, Bettie Niemand, Dries en Rita Schutte, asook Douw en Hantie Grobler.

## BAIE GELUK

- Maya Steenkamp is verkies tot die leerlingraad van ML Fick vir 2022!
- Ons is baie dankbaar en bly saam met Gerrit en Hestie Janse van Rensburg met die geboorte van hulle dogtertjie Donderdagoggend.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Geen Kleuterbediening
Sap onder die tent
18:00 Kerssangdiens

**Maandag**
Kersmark open

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Maandag, 22 November**
Jsr Nichelle Alberts
**Dinsdag, 23 November**
Br Klaas Smits
Br Japie Visser

**Woensdag, 24 November**
Sr Christa Bloem

**Vrydag, 26 November**
Br Walter Plotz

## HOE LYK ONS DIAKONIE SE DIENSWERK?

Graag wil ons as Diakonie van ons gemeente weer van die geleentheid gebruik maak om ons metode van dienslewering aan die gemeente bekend te stel. Onder leiding van die Diakonie lewer die diakens en meewerkende lidmate ’n mooi liefdesdiens in diensgroepe wat op die onderlinge meelewing in die gemeente fokus. Ons moedig lidmate aan om hierby betrokke te raak. Hier volg `n lys van die diensgroepe:

1. Barmhartigheid-diensgroep
2. Praktiesehulp-diensgroep
3. Die Siekebesoek-diensgroep
4. Diensgroep vir senior lidmate
5. Diensgroep vir nuwe intrekkers
6. Kenmekaar- en sosiale-diensgroep
7. Vertroostingsdiensgroep
8. Kommunikasie in gemeente
9. *** Jeugdiensgroep**
10. Jong werkende-diensgroep

Ons gaan weekliks `n kort opsomming van elke diensgroep op die verskillende platforms bekendstel.

*** Jeugdiensgroep**

Ons jeug is baie belangrik vir die gemeente en hierdie diensgroep organiseer, in samewerking met die ouers, aktiwiteite vir die jeug op ’n deurlopende basis. Dit geld vir

voorskoolse, laerskool- en ook hoërskooljeug.
*Kontakpersoon: Heleen Coetzee*

DIAKONIE-groete

## ANNETJIE VERMEULEN-KANKERFONDS

Annetjie is met graad 3-borskanker gediagnoseer. Aangesien hulle nie 'n mediese fonds het nie, het haar dogter, Luni, 'n fonds begin om te help met die koste van 'n mastektomie en die behandeling wat moontlik daarna kan volg (chemoterapie/bestraling). Ons bring graag hierdie saak onder ons lidmate se aandag.

Die platform wat gebruik word om tot die fonds by te dra is "Back A Buddy". Meer inligting kan gevind word by

https://www.backabuddy.co.za/champion/project/annetjie-vermeulen.

Indien u 'n bydrae wil maak, kan u ook op dié webblad die instruksies volg om u donasie te maak. Die familie sal elke moontlik bydrae hoog waardeer en glo dat Annetjie die kanker sal oorwin en 'n vervullende lewe verder sal geniet.

Kom ons as gemeente dra ook die familie in ons gebede in die moeilike tyd wat hulle deurleef en toon ons omgee op tasbare wyse.

Ds Piet

## BYBELLEES-PROJEK

**Week 45 (22 – 28 November)**

| | |
|---|---|
| Maandag | Johannes 1: 1 – 5:47 |
| Dinsdag | Johannes 6:1 – 8:59 |
| Woensdag | Johannes 9:1 – 11:44 |
| Donderdag | Johannes 11:45 – 13:17 |
| Vrydag | Johannes 13: 18 – 19:27 |
| Saterdag | Johannes 19:28 – 21:25 |
| Sondag | 1 Johannes 1:1 – 4:21 |

Stuur jou klagtes of gedagtes, enige navrae of versoeke aan Erasmus Venter by 76 090 4459 of stuur 'n e-pos aan eav.venter@gmail.com

## KERKLIKE BOEKE

Die Almanak en Kerkblad is beskikbaar in die kerkkantoor vir lidmate wat bestel het of ingeteken is. Die buitedeur van die kerkkantoor sal vanoggend oop wees om af te haal.

## ALGEMENE INLIGTING

**LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)**

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

**KONTAKBESONDERHEDE**

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Erasmus Venter – 076 090 4459
Kerkkantoor: Adele– 018 290 7690 /
082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

## TEESKINK GELEENTHEID

Ons het vandag sap na die oggenddiens onder die tent.
Baie dankie aan die groepsusters en susters wat vandag help skink en opruim: Susan Lourens en groep 9, Corné Geyer en groep 17, Gizelle Alberts en groep 27, asook Anneke Steenkamp en groep 35.

## KANSA-PROJEK

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA" sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal. Daar is ook koevertjies by die deur beskikbaar vir lidmate wat 'n bydra in kontant wil gee.

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK